**Sondag 16 Januarie: Op Watter naam antwoord ek?**

Goeiemore en hartlik welkom. Welkom ook aan almal wat vanoggend inskakel. Ek hoop dit is vir julle 'n betekenisvolle ervaring.

- MG **terug van verlof af**. Na 3 weke se rus, bel hom, SMS hom, nooi hom, vra moeilike vrae. Na so lang rus behoort hy al die antwoorde te hê.
- Maak asseblief seker ons het jou regte kontak besonderhede.
- Volgende Sondag**. 2 Dienste in die oggend 08:30 (Eietyds met die sangroep) en 10:00 (Met die band).**
- **10:00 begin die Laerskool Kategese**. Ons wil graag alle ouers uitnooi, ek wil graag dan 10:00 na afloop vd 2e diens vir al die Laerskool Ouers en kinders hier in die kerk verwelkom en sodoende ook jul voorstel aan jul Jeugmentors.
- **Sondagaande 18:00 Jeugdiens.** Alle Hoërskool Ouers en kinders word uitgenooi. Alhoewel ons kategese steeds in die oggende gaan wees, gebruik ons egter Sondagaand as die afskop.
- **Graad 1 ete- Familie feesvier oomblik:** Ds. Andriëtte de Ridder vertel dat haar seuntjie **Graad 1 begin het.** Hulle het besef dat hierdie (soos enige oorgang, bv. Graad 8, of Graad 12, of self net Graad 4) moet gevier word. Dit is 'n belangrike oomblik. Hulle seuntjie kon toe sy eie ete reël.

Hy het besluit **wie die gaste was** (so ouma en oupa was daar).

Hy kon **die spyskaart opstel (s**o dit was hamburgers, waatlemoen en roomys).

Hy en Mamma het geverf en self die plek matjies gemaak.

Hy het ook **die dress-code** bepaal en die ete natuurlik in sy splinternuwe skoolklere bygewoon.

So dit is regtig my uitnodiging aan julle:

- Kom saam as familie. Die nuwe skooljaar is 'n moment.
- Gebruik ritueel om dit te merk as spesiale geleentheid. Kers/Bybel/kruis in die middelpunt.
- Bespreek emosies. Hoe voel julle? Waaroor is julle bang/opgewonde.
- Verbind die moment aan God se teenwoordigheid.
- Lees saam 'n teks. Of Bybel verhaal waaraan julle kan vashou.

So is daar klomp nuwe geleenthede. **Dalk 'n nuwe werk vir pappa of mamma, aftrede vir Ouma of oupa, sussie of boetie op pad Universiteit toe.** Hierdie geleenthede van oorgang moenie net verby ons elkeen gaan nie...

Kom ons sing L543 met die treffende woorde, Laat ek altyd van U leer, **laat ek grootword tot U eer.**

- Sing Lied: 543- "Here Jesus ek is klein" v 1,2,3

Verlede Sondag het ons aan die hand **van Lukas 3 gesels oor genoeg**. Hoe ons dikwels voel ons doen nie genoeg nie. So geloof van onder na bo skep vrees en angs by ons. Gelukkig hoor ons toe dat deur Jesus se doop, is die begin van bo na onder, **van God na ons en daarmee weet ons God is vir ons genoeg, oorgenoeg**.

Ek lees hierdie week 'n artikel van **Susan Hayden** genaamd: Genoeg **van die gevoel dat jy nooit genoeg is nie**… Wat 'n treffende opskrif van die artikel. Susan Hayden skryf oor haar ervaring as Ma en hoe so baie van haar verwag word, en dat **mense nog goed sê soos die Ma sit net by die huis en doen niks, die ma is werkloos** ens:

*Hierdie gevoel van onbevoegdheid is nie net tot ouerskap beperk nie. Dis die gevoel dat ons nie maer genoeg is nie wat maak dat ons vyfuur soggens op die trapmeul draf; die gevoel dat ons nie jonk genoeg is nie wat maak dat ons grys hare bedek en vreemde middels in ons gesig laat inspuit. Dis alles so verspot, die dinge wat ons doen om onsself waardig vir liefde te maak en, ek vermoed, om ons reg te verdien om op aarde te bestaan....*

*Ek het onlangs 45 geword en op die oggend van my verjaarsdag het ek lank alleen op die strand gaan stap en gedink oor hierdie ding wat ons die lewe noem: waar ek nou is en hoe ek daaroor voel. En ek het veral een ding besef: Ek moet ophou met hierdie sinlose gekwel oor niks, want niemand gaan my aan die skouers vat, my in die oë kyk en sê: "Jy doen goed genoeg. Jy is genoeg" nie. Ons moet dit vir onsself begin doen. Die tyd stap aan en dit is so 'n vermorsing van die pragtige ervaring om in hierdie wêreld te kan leef. Ek weet dit is nie 'n maklike kopskuif nie, maar ons dit elke dag vir onsself sê, sal dit seker mettertyd begin insink? Dit is beslis die moeite werd om te probeer*

**Genoeg van die gevoel dat jy nooit genoeg is nie**

**Sê dit vir jouself. Moenie wag dat ander dit van jou of vir jou sê nie. Sê dit vir jouself…**

Gebed: Here aan die begin van nog 'n onbekende, vreemde jaar- wil ons seker wees van wie ons is in U. Ons wil nie twyfel, onvergenoegd voel en onsself seermaak nie. Maar ons wil berusting vind In wie U is en in wie ons is... Ons U geliefde kinders.

- L 188- Kom dank nou almal God v 1,2,3

(Here dankie dat U genoeg is). En dit weet ons verseker..

- L 514- Ek weet verseker v 1,2

Ons gaan vanoggend verder met die tekste wat ons so deur die jaar vanaf die kalender/jaarprogram lees. Vanoggend lees ons saam **vanuit Jesaja 62:1-5.** Dit is deel van die breër raamwerk van Jesaja 60-62 wat die **heerlikheid van God verkondig**.

1. Ter wille van Sion sal ek nie swyg nie, ter wille van Jerusalem sal ek nie stilbly nie totdat daar vir hom redding deurgebreek het soos 'n nuwe dag, soos die lig van 'n brandende fakkel.
2. Die nasies sal sien dat jy gered is, Jerusalem, al die konings sal sien dat jy mag het. Jy sal 'n nuwe naam kry, 'n naam wat die Here self vir jou gekies het.
3. Die Here sal jou soos 'n sierlike kroon in sy hand hou, jou God sal jou soos 'n koninklike tulband vashou.
4. Jy sal nie meer die verstote vrou genoem word nie, en jou land nie meer die een wat verlate lê nie. Jy sal genoem word: "Die een vir wie die Here liefhet," en jou land: "Die een wat aan die Here behoort." Die Here het jou lief, en jou land behoort aan Hom.
5. Soos 'n jong man met 'n meisie trou, so sal jou volk jou syne maak en vir jou sorg. Soos 'n bruidegom bly is oor sy bruid, so sal jou God oor jou bly wees.

Omdat dit so kort teks is, wil ek graag ook vanuit die Engelse "The message" vertaling lees:

1-5 Regarding Zion, I can't keep my mouth shut, regarding Jerusalem,
I can't hold my tongue,
Until her righteousness blazes down like the sun
and her salvation flames up like a torch.
Foreign countries will see your righteousness, and world leaders your glory. You'll get a brand-new name straight from the mouth of GOD.
You'll be a stunning crown in the palm of GOD's hand,
a jeweled gold cup held high in the hand of your God.

| |
|---|
| No more will anyone call you Rejected,<br>and your country will no more be called Ruined.<br>You'll be called Hephzibah (My Delight), and your land Beulah (Married),<br>Because GOD delights in you and your land will be like a wedding celebration. For as a young man marries his virgin bride, so your builder marries you,<br>And as a bridegroom is happy in his bride, so your God is happy with you. |

(Stilte- Water drink oomblik)

(wat word ek genoem)

Ek wil vanoggend 2 ervarings deel van die skool waarvoor ek die vorige 5-jaar gewerk het: By die skool is hierdie tyd van die jaar een van groot opwinding. En ni**emand is meer opgewonde as die Matrieks nie**. Want na 4 jaar van laaste by die deur inloop, na 4 jaar van laaste kos inskep, 4 jaar van vir die matrieks of ouers grade gunse doen, is jy nou matriek. En een van die groot goed waaroor hul opgewonde is, is die **mentor stelsel.** Elke Matriek word gekoppel aan een of meer Graad 8's leerders en jy gaan gevolglik **3 keer per dag in die koshuis saam met hom eet** en verder hom mentor deur die Graad 8 jaar. Die Matriek kan ook vir die **Graad 8 'n bynaam kies**. Dit is hier met die kies van name wat die kreatiwiteit werklik loskom:

Die Matriek word byvoorbeeld **Vis genoem- en daarom noem hy sy Graad 8 Chips**. Of Vis noem sy Graad **8 snoek, noem weer sy Graad 8 Nemo en sy Graad 8 Sardyn.**

**Voëltjie** noem sy Graad **8 Duif-** noem weer sy Graad 8 **Tweetjie**- noem weer sy Graad 8 **mossie.**

**Spyker** noem sy Graad 8 **Hammer**- noem weer sy Graad 8 S**kroef**- en sy Graad 8 **tang.**..

Meeste van die name hou nie en na 'n week of 2 noem almal die persoon op die naam wat op sy ID-dokument of Geboorte sertifikaat staan.

Name is Sticky. **Dit kleef aan jou vas.** Want sodra jy die naam hoor, dan neem jy dikwels die identiteit aan. As jy byvoorbeeld **op skool 'n bynaam** gehad het en dalk was skool nie vir jou 'n goeie ervaring nie, dan sal jy sodra jy daardie naam weer eendag hoor, dadelik teruggaan na daardie ervaring. Die skerpste mes is mos ons tong. Dink maar aan Penny Sparrow, wat op een Nuwejaarsdag 'n facebook post gemaak het oor die ongeletterde Ape (**Illiterate monkeys**) wat op Nuwejaar losgelaat is. Sy is beboet met **R150 000**, het haar werk verloor en haar woorde het baie mense diep seergemaak.

Name is belangrik. Want dit bevat eintlik jou hele Identiteit. Dit lê op 'n baie diep plek. Dink byvoorbeeld hoe diep dit sommige van julle geraak het toe jul hoor Port-Elizabeth word nou G**qeberha**. Of dat die lughawe nou Chief David Stuurman lughawe word. Of dat P**retoria Thwane** genoem gaan word. Name lê op 'n baie diep plek.

Met my naam, Wat eintlik **Du Toit is,** het ek ook al 'n paar vreemde goed gehoor. Die meeste mense dink my naam is Wessels en my van is Du Toit. Ek sal soms van Absa af kommunikasie kry wat sal lees:

Dear Mr **DU**

Of Fishaways het noudiedag geskitter met Mr **De Toi**

Atlas dink weer a.g.v my rekening wat in die kerk se naam is, dat ek Is Meneer **NG Kragga Kamma**. So jul het dalk 2 **dominees Dominee MG en DS. NG**...

Iemand het ook eenkeer vir my genoem dat ek bly kan wees dat ek nie 'n tweelingbroer het nie, want dan **sou ons Toit-Toit genoem** geword het.

En mense noem 'n naam op grond van die verhouding waarin jy staan. My familie sal **my Toitjie noem-** want ons is in 'n bepaalde verhouding. Binnelandse sake sal **my Du Toit noem**. En dan is daar ook die meer spesiale noemname wat mense gebruik. D**ie man wat vir sy dogter poplap noem, of vrou vir haar man my skat, of liefie, of bokkie of vlooi**. Hierdie name getuig dat ons mekaar ken soos niemand anders nie, ons saam het ons unieke identiteit.

Ons lees in vandag se teks:

**V2- Jy sal 'n nuwe naam kry, 'n naam wat die Here self vir jou gekies het.**

Hoekom gebeur dit? Hoekom gee die Here vir hulle 'n nuwe naam? Ons lees in die teks van ' n volk wat in Ballingskap was. Vir baie jare is hul basies in 'n vreemde land soos **slawe behandel**. En jy verloor alles. **Verloor hoop, verloor drome, verloor familie. En later hand voel jy verlore**. Tydens hierdie tyd is daar klomp goed oor **hulle en voor hulle gesê**. Arm, wees, vreemdeling, ons wil julle nie hier **hê nie, die een wat niks werd is nie, die een wat niks het nie, die een wat verlore is. Die een wat nie hier hoort nie.** En nou is die volk terug uit Ballingskap, terug in 'n beter plek, maar **dit voel nie asof dit beter gaan nie.** Die volk voel **moeg en moedeloos en wonder** of God nog van hulle weet en vir hulle omgee. **Hulle voel onwelkom en onveilig**. Dinge is ook nie meer dieselfde nie, en klomp ander gode word deur die mense aanbid.

En die Here kom se vir hulle, ek gee **vir jou 'n nuwe naam.** Die naam kom nie vanaf jou Pa of Ma, of jou matriek of die samelewing af nie. Hierdie naam kry jy van my, die Here jou God, die belangrikste persoon in jou lewe. Ek gee vir jou 'n nuwe naam, internaliseer dit, **maak dit jou nuwe Identiteit**.

Clay Scroggins het gesê, **your identity is the right identity when you let it be defined by what God says about you**…. Dit gaan oor wat God oor ons sê, nie mense nie. Dit gaan oor hoe God oor ons dink, nie ander nie.

Om aan te sluit by verlede week se getuienis uit Lukas 3, rakende die **doop waar God vir Jesus sê,** Jy is my geliefde kind: En God se dit vir elkeen van ons. Jy is my geliefde….

**God gee die selfstandige naamwoord (geliefde)**

**Ons Gee die byvoeglike naamwoord**

- 'n soet geliefde
- Stout geliefde
- Gehoorsame geliefde
- Ongehoorsame geliefde
- Vroulike geliefde
- Ou geliefde
- Jong geliefde

Tog, maak nie saak wat die byvoeglike naamwoord (ander naam) is nie, niks of niemand kan die geliefde uitvee nie.

Ek en jy (en die volk van Jesaja 62) is God se **geliefdes. Dit is eintlik ons naam**…

Dit gaan eers oor die naam wat ons vir onsself eien, voordat dit **handel oor die name wat ons vir ander noem.** Dikwels noem ons juis vir ander name, omdat ons nie gelukkig is met ons eie naam nie. Dit is vir my moeilik om te aanvaar dat my naam goed is, en daarom wil ek jou naam sleg maak.

En tog noem die wêreld vir ons baie name. Die wêreld roep ons elke dag op baie verskillende maniere. **Maar dit gaan regtig nie oor wat mense jou noem nie, dit gaan oor op watter naam jy antwoord.**. Aan watter naam gee jy antwoord...

Dit is wanneer ek en jy **leef vanuit wat God vir ons sê, dat ons waarlik vrede maak met** wie ons is.

Dit is die eerste verhaal van skool wat ek wou deel vanoggend....

(Wie is ek?)

Die tweede is, dat ek in my spreekkamer gereeld met die leerders gesels het. Wanneer die leerder dan inkom, en dit is byvoorbeeld ons eerste ontmoeting, dan sal ek gemaklik oorkant die leerder sit en vir hom vra om **5 minute oor homself te gesels**. Die leerder kyk my dan verward aan en ek verduidelik vir hom, dat ek vir 5 minute gaan stilbly en hy moet my nou vertel wie hy is. Hy kan enigiets vertel...

Vriende en dan daag daar 'n doodse stilte in die vertrek neer. Want die seun sal sê, okay my naam is **XXXXX, ek hou van** Boerdery op die plaas en hou van rugby..... en ja.......

Ek besef dan gewoonlik baie vinnig dat 5 minute heeltemal te lank is. Maar net voordat ek begin opvolg vrae vra, is dit gewoonlik vir my hartseer. **Dit is vir my hartseer dat die gemiddelde Hoërskool leerder nie vir my kan uitdruk wie hy is nie?** Of dalk nie weet wie hy is nie? Nie droom sal wees dat die leerder vir 5 minute vir my vertel wie hy is, en ek dan vir hom vra, vertel vir my 5 minute: **Wie is God?**

Tog glo ek, ons is arm aan ons fondasie waarop ons lewens bou. **Ons luister na verkeerde name, verkeerde stemme om ons Identiteit op te** bou. Ek het hierdie week gedink dat Jesaja 62 se eerste 5 verse ons van 5 punte, 5 baie praktiese punte voorsien waarop ons ons lewe kan bou. 5 punte om ons Identiteit op te vorm.

V1- EK **is te lief vir jou om net stil te bl**y. (**Prakties= Duim na self).** (God wat kom verklaar, as ek oor jou moet praat**, is 5 minute, dalk 5** jaar nie genoeg nie. Liefde tree in vir ander, liefde wys en sê vir ander hoe hul oor persoon x of y voel) (**God wat wil kom sê, as ek oor julle, my volk dink, dan kan ek nie stilbly nie**, ek is te lief vir jou)

V2- Ek **bevestig jou identiteit**. Ek weet tot wat is jy in staat (Prakties= Wysvinger na ander persoon). **Ek weet wat jy kan bereik.** Ek weet watter unieke talent het ek vir jou gegee. Ek ken jou eie naam. My geliefde

V3- **Ek los jou nie** (Prakties= Middelvinger, langste vinger, **langste ryk wydte om by jou te kan uitkom). Ek is di**e een wat jou sal vashou al voel dit asof die wêreld vir jou keer op keer op die ashoop wil weggooi. Ek gaan jou nie los as ditr donker raak of moeilik gaan nie.

V4**- Ek het jou lief**- Jy behoort aan my- ek bevestig dit oor en oor (Prakties= Ringvinger). Die Huwelik metafoor word hier gebruik. Om te sê jy gaan nie alleen deur die lewe nie. Ek is in 'n verbond, ek is vasgebind aan God.

V5- **Ek vind my vreugde in jou**. (Prakties= Pinkie, die kleinste een wat die meeste vreugde gee**). Ek is die een wat deur my lewe poog om God se vreugde meer te maak**. In my vind hy sy welbehae. Dit is hoe ons dit meer of minder kan maak.

Ek wonder as jy met hierdie 5 beginsels leef**. As jy hierdie 5 goed vir jou prakties in jou lewe gaan** vasmaak, of dit nie jou gaan help met die onbekende jaar wat voorlê nie. Ek wonder of 'n Graad 8 leerder wat vir hom of haarself sal sê: Die Here bly nie stil oor my nie, die Here weet tot waartoe is ek in staat, hy los my nie, hy het my lief en hy vind sy vreugde in my (ek maak hom gelukkig) of dit nie van groot waarde vir die nuwe jaar sal wees nie.

Jesaja 62 het vir my klomp goed geleer

Wat sê die Here oor jou? Wat sê jy oor jouself? En aan watter name gee jy antwoord?

Gebed:

Ek is weer terug by die beeld van die Pa, wat saam met sy **Graad 1 dogtertjie die pad stap tot by die klas, d**alk is dit die troos wat ons in vandag se teks en saam met ons moet vat die week in ,God wat saam met ons hand aand hand die nuwe skooljaar instap.

- Slotlied: Lied 280- Here Redder Groot en magtig, U oorskou ons lewenspad. U het ook ons hand kom vat... v1,2,3
- Seënbede: My gebed vir hierdie week is..